Speelpak in rooi en wit



SPEELPAKKIE

Gebrei op PASSAP- Duomatic + U70

GROOTTE
Vir baba van ongeveer 8 tot 12 maande.

BENODIGDHEDE
Pingouin-hekelgaring nr. 5 (250-g-keëls of 50-g-bolle):
250 g in rooi, 50 g in wit; 2 knopies.

SPANNING
Koussteek 4¾; 1:1-rif = 2¼, patroon = agter 2¾, voor 4¾.

SPANNINGTOETS
100 ste =34 cm, alleenlik steke op voorste bed word getel; 100 rye = 20 cm.

AFKORTINGS
st(e) — steek (steke); N(e) — naald(e); pat — patroon; vermeer — vermeerder; vermin — verminder; ks — koussteek; beg — begin; vlge — volgende; WP — werkposisie; RT — ryteller; Rg — resgaring.

DIAGRAMME
IX + XVI: Brei in pat volgens diagram.
A = agterpant van broekie.
B = vermin aan weerskante.
C = kruis, brei reguit aan.
D = vermeer aan weerskante.
E = voorpant van broekie, brei reguit, heg dan 39 ste af aan weerskante.
F = borsie. Heg 6 ste af aan weerskante. Brei middelste 42 ste in pat, brei aan weerskante 6 ste in ks. Brei 48 rye reguit, oorblywende in ks vir omslag.
G = heg 12 ste af aan weerskante, brei 10 rye in ks, paar rye in kontras, ontkoppel.

LYFBAND
Maak sigsag oor 106 Ne in 1:1, brei 2 rye met slot op CX/CX, dan 20 rye in 1:1-rif; maak knoopsgate in 10e ry soos volg. Slaan 38 ste oor, brei vlge 3 ste een deur die ander, slaan 30 ste oor, brei vlge 3 ste en laat leë Ne in WP. Brei 1 ry, kruis en plaas sigsagdraad op leë Ne.
Bring alle Ne agter en voor na WP en rondbrei 10 rye in ks; dan 4 rondbreirye en paar rye met slot op K/K, gebruik kontrasgaring, ontkoppel.

BEENSTROOK
(Maak twee)
Beg en eindig met kontrasgaring. Met 70 ste, brei 20 rye in ks, ontkoppel.

BANDE
(maak twee)
Met 9 ste op elke bed, brei rond tot RT op 280 is.

AFWERKING
Moenie pars nie. Met verkeerde kant na voor, heg beenstroke vas teen B-, C- en D-dele, beenrand ingeruim. Heg eers st vir st vas aan buitekant en ontrafel kontrasgaring. Werk synate toe, vou beenstroke in helfte na binne en werk st vir st vas. Aan regter- en linkerkant van borsie, vou 6 ste in en werk vas. Vou G (bokant van borsie) na binne en werk vas. Plaas ste van broekie (middelrand) op Rg. Werk middelstrook vas, eers aan die buitekant, dan aan die binnekant; werk in agtersteek in die oop lusse en ontrafel kontrasgaring. Werk syrande van middelstrook aan borsie vas. Met verkeerde kant na buite, werk kort sye van bande oorhands vas. Werk bande aan voorkant op borsie vas. Werk knopies vas aan ander punte van bande. Kruis band agter en knoop deur knoopsgate.

HOEDJIE

Gebrei op Passap-Duomatic + U 70

GROOTTE
Pas 8 tot 12 maande.

BENODIGDHEDE
Pingouin-hekelgaring nr 5 (250-g-keëls of 50-g-bolle):

50 g in wit; 50 g in rooi; rekgaring.

SPANNING
Patroon agter 2¾, voor 4¾; ks 4¾. EX/N = 4, 3 en 2½.

SPANNINGTOETS
100 ste = 34 cm, alleenlik ste op voorste bed word getel; 100 rye = 20 cm.

PATROON
Rand in EX/N met versitter, hoed in oordra-patroon en ks.

AFKORTINGS
st(e) — steek (steke); pat — patroon; ks — koussteek; N(e) — naald(e)

DIAGRAM XII

A = stel op met versitter; stel slot agter op EX, voor op N. Werk hoedrand volgens pat: brei 2 rye, versit 1 N na links, brei 2 rye, versit 1 N na regs. Brei 10 rye met spanning 4, 10 rye met spanning 3 en 10 rye met spanning 2½. Plaas alle ste oor na voorste bed (met oordraslot U-70).
B = brei 40 rye in pat volgens diagram.
C = brei aan in ks. Slaan 32 ste oor aan regterkant. Met oorblywende ste, brei 2 rye met kontrasgaring met slot op BX en stoters. Met 32 ste aan regterkant, fatsoeneer eerste driehoek met BX en stoters volgens diagram. Ontrafel kontrasgaring en met volgende 32 ste, fatsoeneer volgende driehoek, ens.

AFWERKING
Moenie pars nie. Werk vas. Tussen A- en B-dele, ryg 2 rye rekgaring deur breiwerk.

DIAGRAM IX + XVI
R — rye



Passap breimasjien patroon.

OORDRAPATROON:
Handvatsel af, swart drukstawe.



AGTERPANT	VOORPANT
3 rye AX	N
1 ry AN	N

Dra ste van agterste na voorste bed oor. Versit 3 Ne na links.
3 rye AX N
1 ry AN N
Dra ste oor; herhaal.

DIAGRAM XII